

Inhoud. Biddag vir oorvloedige reën. Hierdie preek wys uit Ps. 104 dat God sy hele skepping met oorvloed van water, kos en tuistes versorg. God voorsien meer as genoeg deur wisselende uitermatighede soos donkerte en lig, te veel en te min water. Goddeloses eer God nie hiervoor nie maar wil net alles hê soos wat hulle planne en onmiddellike behoeftes loop. Daarom verklaar hulle sommer wat is te veel en te min en blameer God as Een wat chaos in hul lewe veroorsaak. Vandag wil mense aardverwarming beheer asof hulle daardeur God se wisselende uitermatighede waarmee Hy alles versorg onder hulle beheer kan bring. Ons loof God met sy hele skepping vir die oorvloed wat Hy skep deur al die uiterstes van sy skepping.

Skriflesing Psalm 104.

Teks Ps. 104: 28. Maak U hand oop word hulle versadig met wat goed is.

Tema: Dit is God se vreugde om vir meer as genoeg te sorg.

1. Ons wil vandag die Here dank vir die oorvloed van reën wat ons al vanaf die begin van die oesjaar verlede jaar so oorvloedig ontvang het. Ons wil dit doen deur die Here te eer en dank met die erkenning wat aan God gegee word in Psalm 104.

God voorsien water, kos en veilige blyplek in oorvloed. En dit is goed! Nie net genoeg nie, maar meer as goed genoeg! Dit is God se vreugde om só God vir sy skepping te wees – om altyd meer te gee as wat genoeg is. Só openbaar die Here Homself volgens Ps. 104 elke dag in sy skepping.

God gee oorvloedige water! Water bo die aarde, water oor die aarde, wolke, wind en weerlig, reën, fonteine, riviere en die see. God gee oorvloedige kos! Gras en groen plante vir diere en koring, wyn en olie vir mense. God gee vir almal 'n tuiste! Voëls met neste langs water, bergtoppe vir klipspringers, rotse vir dassies en ook lêplekke vir leeus. God maak sy skepping 'n lewensryke tuiste vir plante, voëls, diere en mense.

Dit is ook hoe God vandag nog besig is om God vir sy skepping te wees. Vir alles wat Hy gemaak het sorg Hy in oorvloed. Dit is God se roem, sy eer en sy heerlijkheid. Dit is hoe God gelukkig is met Homself as God – om in oorvloed te sorg.

Hy maak sy hand oop en almal kry meer as genoeg!

2. Hierdie openbaring oor God staan in totale kontras met alles wat goddelose mense oor die skepping gevoel, gesien en geglo het. Hulle sien elke ding wat God gemaak het, en waarmee God Hom besig hou, as 'n gevaar en bedreiging vir mense.

Dit is God se vreugde om vir meer as genoeg te sorg

In en agter alles in die skepping skuil daar een of ander kwaadwillige en selfsugtige god. Vir goddeloses getuig alles wat in en deur die skepping gebeur van eiemagtige gode wat op hulle eie mag en roem ingestel is en mense daarmee verwaarloos, bedreig en verniel.

Dit is goddeloses se beeld oor God en sy skepping: God is onvergenoegd met alles wat Hy gemaak het en mee besig is, en daarom is God altyd besig om een of ander rede uit te vind om vernielsugtig teenoor mense op te tree.

Hierdie godsbeeld staan in totale kontras met die wyse waarop God Homself in Psalm 104 openbaar: God sorg oorvloedig vir meer as genoeg vir alles en almal.

Daarvan getuig

- die diere in die woestyn wat oorgenoeg water kry om hulle dors mee te les.
- die aarde wat versadig word met reën, dit is, oorgenoeg kry.
- die Here se bome in die veld, niet net mense se bome nie, wat nie verdroog nie maar volop reën kry
- die oorvloed van die seelewe wat soveel kry dat hulle wemel van oorvloed en lewe.

Hy maak sy hand oop en hulle kry meer as genoeg!

3. In alles wat goddeloses 'n onvergenoegde en kwaadwillige god sien wat hulle bedreig, ontdek die Psalmskrywer God as sorgsame Vader vir wie dit sy vreugde is om oorvloedig te gee.

Vir die goddeloses in die Psalmskrywer se tyd was god gefrustreerd en iesegrimmig besig om mense goedsmoeds met wind te verniel en so lukraak met bliksemstrale dood te slaan. Hierteenoor openbaar die Psalm God se sorgsame teenwoordigheid in wind en weerlig: dit is die boodskappers van sy troue sorgsaamheid.

Daarom sien die Psalmskrywer in die hoë onbereikbare bergpieke ook nie die blyplek van gode wat lui en sleg rondlê met wulpse godinne wat nie deur mense in hulle wellustige gode-partytjies gepla moet word nie. Dit is hoe omtrent al die nasies bergtoppe gesien het: as lui gode se rondlê-plekke.

Hierteenoor sien die Psalmskrywer in die hoë bergpieke hoe God die tuisteskepper van klipspringers is en hulle 'n blyplek veilig teen jagters gee. Net so sien hy in die rotse en skeure van die berge ook nie die blyplek van kwaadwillige gode nie, maar dat God selfs vir die dassies 'n veilige hawe gee.

Dit is God se vreugde om vir meer as genoeg te sorg

Wat goddeloses as die woeste onstuimige god van die see gesien het, sien die Psalmskrywer as God wat vir mense gesorg het vir vervoerbane vir hulle skepe en so sorg vir die welvaart van hulle handel en as 'n speelplek vir al die seemonsters waarin mense hul dood gesien het.

Goddeloses sien altyd vir God as die Een wat alles wat mense probeer orden en bestuur ontwig met sy chaos. Net sodra 'n mens net 'n bietjie orde in jou eie lewe geskep het, net weer 'n bietjie rus en vrede in jou lewe gekry het, dan is daar weer een of ander onvergenoegde en gefrustreerde god wat alles met sy natuurkragte kom verstoort.

4. In Psalm 104 word presies die teenoor gestelde van God openbaar: God skep die sekerheid en sekuriteit van 'n vaste lewensritme! Die Psalmskrywer wys dit met voorbeelde wat lyk asof dit uit 'n moderne wetenskaplike handboek kom.

God gee 'n vaste lewensritme met die omwentelings wat die son en maan maak. Dit is twee ligte wat lewe en feestye orden. Die nag is nie 'n godlose plek in die chaos van die afwesigheid van die songod Ra nie. Dit is die veilige werks- en eettyd van diere, vry van mense se steurings. Diere se werkstyd is mense se rustyd. Net so is die dag God se tyd waarin Hy mense laat opstaan om te werk terwyl dit weer diere se rustyd is. Met die son en maan skep God vir elke lewende organisme 'n vaste lewensroetines van werk en rus.

God gee ook vaste grense tussen bewoonbare land en die versameling van waters in mere en die see. Hier word in beelde taal die skuif van die tektoniese plate van die aarde beskryf waarmee God veilige leefruimte vir die mens, diere op die land en diere in die see skep.

God skep 'n vaste watersiklus om alle lewe op aarde aan die gang te hou. Die beweging van water van wolke na reën, van reën na riviere en bergsponse, van bergsponse na fonteine wat weer na die see vloei.

Niks in God se skepping is magte of kragte van chaos en wanorde nie. In ons taal: die ekologie is in 'n vaste lewensritme waar alles die ander ten goede kom. God laat alles in 'n vaste lewensorde groei en gedy.

Die verrasendste openbaring van hierdie lewensritme is dat dit droogte én tye van reën insluit. Droogte-tye en reën-tye word hier beskryf as die wyse waarop God die oppervlakte van die aarde 'n nuwe voorkoms gee. (27 -30) Dit is 'n landbou-beeld van 'n boer wat partykeer 'n land met bome, koring of wingerde natlei maar ander kere alles uithaal om 'n nuwe land van voor af te begin. Wanneer u ou lande omploeg en ou boorde se bome uithaal, dan is u met die voorbereiding van 'n nuwe land besig. Net so beskryf die Psalmskrywer droogtes as die manier waarop God die

Dit is God se vreugde om vir meer as genoeg te sorg

oppervlakte van die grond 'n nuwe voorkoms gee. Droogtes is nie God se teistering en vernieling van sy skepping nie, maar die vaste lewensritme van hoe Hy sy ou lande, nuwe lande maak.

5. God het ook nie sy skepping gemaak as God se arbeidskolonie vir die mens nie. Dit is nie God se bedoeling en behae dat die mens in gebrek en bedreigd in sy skepping hom dag en nag moet doodwerk nie. Met die vaste ritme van son en maan maak God dat mense rustyd het en werk tot die aand wat dit weer rustyd is. (vers 23) God laat die mens ook die vreugde van die skepping geniet: lewenskrag uit genoeg kos uit 'n vrugbare aarde; lewensvreugde met genoeg en lewensgesondheid met helende olies. Hy maak sy hand oop en almal kry meer as genoeg. Daarom hoor die Psalmskrywer in die gebrul van die leeus nie doodsgevaar en bedreiging nie, maar hulle dankgebed vir God se sorg!

Dit is die roem die eer en die heerlijkheid van God as Skepper: dit is sy vreugde om sorgsaam Vader te wees. God is nie die onvergenoegde god van goddeloses wat belas voel deur mense en hulle dan kwaadwillig van sy nek af kry deur hulle te verniel en hul lewens te ontwig nie.

Nou wat veroorsaak dan die gebrek, te kort, ontwigting en chaos in die wêreld? Want volgens die openbaring van wie God regtig is in hierdie Psalm is dit nie dit wat ons vandag graag die “natuur” noem nie. Die “natuur” is God se boodskappers en diensmiddele om meer as genoeg te gee en in oorvloed te versorg.

Daar is 'n totaal ander wêreldbeeld in die gemoed van hierdie gelowige! Die enigste dreiging waarvan daar in hierdie Psalm sprake is, is God wat die natuur dreig, nie die natuur wat mense bedreig nie. Met beeldende taal word gestel dat God die oerwaters gedreig het om blyplek vir mense en diere te maak en hulle het dadelik voor God se dreiging hulle binne die grense wat God vir hulle gestel het, terug getrek. (vers 7) Net so is aardbewings en vuurspuwende berge nie die natuur wat mense bedreig nie, maar die natuur wat bang is net omdat God na hulle kyk. (vers 32)

Die werklike bedreiging is nie God se skepping vir die mens nie. Dit is goddelose mense wat God se skepping bedreig. Dit is die plek van die gebed in vers 35: “Mag die sondaars van die aarde af verdwyn en die goddeloses ophou bestaan.” Dit is hulle wat God se oorvloedige sorg in en deur sy skepping, verniel en ontwig om gebrek en bedreigings in die wêreld te skep.

Dit is nie God wat gebrek en te kort skep as onvergenoegde en kwaadwillige God nie. Dit is die mense in hulle sonde en goddeloosheid wat die oorvloed van God se sorg ontwig en só met chaos gebrek te skep. God se skepping skep nie chaos en gebrek nie.

Dit is God se vreugde om vir meer as genoeg te sorg

6. Wat moet van die aarde af verdwyn: God wat die wêreld deur die natuur kwaadwillig in chaos dompel en mense se lewens ontwig of goddeloses?

Die Psalmskrywer antwoord hierdie vraag met sy liefdesverklaring teenoor God: Ek, ek sal my verheug in die Here! Bedoelende, ek is innerlik bly dat God God is soos Hy God is. God is die Here wat in homself bly is om God te wees wat water, kos en blyplek in oorvloed gee, meer as genoeg, en ek is innerlik bly dat God só God is!

Uit hierdie innerlike blydschap oor God, besing hierdie gelowige God se luister en grootheid met lofliedere!

Hierdie grootheid word met twee besondere beelde in vers 2 besig! Die lig van elke dag is God se mantel. Elke dagbreek is hoe God lig soos 'n jas aantrek sodat ons Hom in alles wie Hy is en wat Hy elke dag in sy skepping doen kan raaksien. En die kosmos, al die galaksies, melkweë, sonne- en sterre stelsels is God se tentdoek wat Hy oopspan om saam met ons op aarde te leef – binne sy omvattende sorg deur water, kos en blyplek.

Hierdie innerlike blydschap oor hoe God God is en wat met lofliedere tot uiting kom, staan teenoor die totale ontering en minagting van God deur goddeloses: in elke deel van God se skepping, sien hulle 'n lui, slegte god wat hulle in kwaadwilligheid verniel en hul lewe in chaos dompel.

7. Kom ons toets die waarheid van hierdie openbaring!

Hoe word hierdie oorvloedige reën uit die hand van die Here, water wat meer as genoeg is in hierdie goddelose wêreld aangekondig?

Damme gaan breek, biljoene rande se skade is aan huise en paaie aangerig, ons elektrisiteitstoevoer is onderbreek, diere vrek en mense verdrink! God het chaos en ellende kom skep met te veel wind en reën! Nêrens enige dankbare vreugde oor oorvloedige sorg nie.

Hulle hoor nie die dankgebed van miljoen paddas, miljoene voëls, van wild wat hul dankgebede baldadig runnik en leeus wat dit uitbrul nie. Want dié het hulle dood gemaak, hulle kos net vir hulself opgeëis, hulle blyplekke en leefruimtes vernietig, hulle uitgeskiet en in kampe gaan toesper vir hulle jaarlikse winste en ontspanning!

Hulle sien die ontluiking van die oorvloed van plante as God wat nou weer kos aan alles en almal voorsien nie maar as bossies wat nou orals opkom en wat hulle jare se probleme gaan gee om hul tuine weer mooi skoon te maak en hul lande weer sonder onkruid te kry! Die natuur kos hulle nou weer jare se moeite, werk, geld en verlies aan winste!

Dit is God se vreugde om vir meer as genoeg te sorg

En dan is daar hierdie diep verskuilde woede teen God: dit is te veel! Hulle word deur hierdie oorvloed van reën innerlik met woede vervul oor die vaste tye en lewensritme waarmee God sy wêreld 'n nuwe voorkoms gee! Nie met 'n innerlike vreugde oor God wat Homself met hierdie oorvloedige reën oor Homself verheug het nie!

8. 'n Nuwe godlose lewensingesteldheid in die wêreldgemeenskap wat só klink: “Ons moet net genoeg kry!” Net genoeg water en son, nie te veel nie! En dit is die wêreld waarin ons wil leef. As dit te veel of te min water of son volgens my eie beplannings is dan verklaar mense nou driftig en kwaad: Dit is aardverwarming!

Wat is hierdie lewensingesteldheid: die reg om kwaad en driftig te wees oor te min of te veel reën en son! U moet nou nie enige iets hoor soos “daar is nie aardverwarming nie.” Dit is 'n baie spesifieke saak wat betroubare wetenskaplikes en besorgde natuurbesorgdness aan ons uitwys wat dringende aandag moet kry. Ons stel te veel koolstof vry en vernietig die natuur wat suurstof maak en dit gaan nuwe, onvoorsiene gevare meebring.

Maar dit word vandag só misbruik! Te veel water vir my beplannings is nou skielik – aardverwarming! Te veel son vir my beplanning is aardverwarming! En as ons aardverwarming met ons tegnologie regkry, soos ek gaan nou 'n elektriese kar koop, dan gaan ons dit reg maak. Wat reg maak? Hierdie skeppingsritme van God van partykeer te veel water en partykeer te min water. Hierdie wyse waarop God ou lande uithaal en nuwe lande maak. “ons gaan hierdie wisseling van uitermatighede regkry deur aardverwarming onder beheer te kry!

Met hierdie nuwe gewaande magsposisie neem ons nou selfversekerd en eiewys hierdie nuwe tipe houding op! hoekom het dit só gereën? Dit is aardverwarming! Hoekom het dit nie só gereën nie? Want dit is aardverwarming! En as ons aardverwarming regkry gaan ons lekker boer en net genoeg van alles kry en God se sorg deur wisselende uitermatighede uit die weg ruim!

9. Is dit waar?

Hierdie Psalm kan enige iets vanaf 'n 1000 jaar voor Christus geskryf gewees het. En dit openbaar dat God ou lande uithaal met droogtes. Dit is hoe Hy met sy skepping werk! En dit is waar! Josef sê al vir Farao: “Sewe droë jare!”, en dit is landboukundige waar! En toe Josef dit gesê het was dit nie aardverwarming nie! Dit is net hoe die Here dit doen. En toe Josef vir die Farao gesê het daar gaan sewe baie nat jare kom, was dit nie aardverwarming gewees nie.

Daarom moet ons weer na die Psalm kyk! Hoe gee god oorvloed in sy skepping? Deur wisselende uitermatige kontraste van te veel en te min! Só is God besig met sy

Dit is God se vreugde om vir meer as genoeg te sorg

aarde waar Hy besluit wanneer is lande ou en moet uitgehaal word en wanneer begin Hy met nuwe lande!

God is besig met grootse besluite waarin Hy oorvloedig moet sorg vir al sy insekte, voëls, diere en mense, net net vir die bome wat ek vir myself aangeplant het nie, vir die volgende 20 tot 100 jaar.

En dan kom die Psalmskrywer en hy loof die Here! Vir wat? Vir al hierdie uitermatighede wat vir ons met ons begrip en planne stresvol is, dank hy die Here: “kyk net al die water!” Ek verheug my in God vir wie dit ’n vreugde is om meer te gee as wat vir my net genoeg is! Meer as genoeg!

Kan ons dit doen? Dit is te veel! Ons kry nie die bossies onder beheer nie! Dit is te nat! Ek kry nie my trekker in die land nie! Waarmee is ons besig? Dit is die afgodsdienste van alle eeue nog altyd gewees! God bedreig my en my planne met sy skepping, want dan is dit te veel en dan is dit te min, en ek kry net nie my planne reg nie. God skep net chaos in my lewe!

Die Psalmskrywer doen die teenoorgestelde! As God nou te veel en net nou te min volgens my kleinsielige opvattinge gee, is dit God wat besig is om met wisselende uitermatighede vir sy skepping oorvloed te gee. Kyk ’n bietjie na die Here se bome, diere op aarde en die see wat ons nog uitgelos het. Dit is reg só! Dit is hoe God sy skepping bestuur om vir ons oorvloedig te versorg!

Kan u een voël só hoor sing? Te veel water! Kan u een leeu so hoor brul? Te veel kos! Kan u een klipspringer hoor skree: “die rotse is te hoog” of een dassie hoor kerm: “die skeure is te diep”?

Kom ons word deel van die lofgesang van die skepping – Ek sal my verheug in God wat Hom daarin verheug om vir alles en almal oorvloedig te gee. Kom ons bekeer ons van hierdie goddeloosheid dat God chaos in ons lewe bring deur te veel of te min water met die goddelose verwagting dat Hy sy hele skeppingsritme vir ons gemak moet verander, en as Hy dit nie doen nie, sal ons sorg dat ons aardverwarming onder beheer ry om sy skeppingsritmes waarmee Hy oorvloed skep, na ons sin matig te maak.

Kom ons dank God vir oorvloedige water!